

10 September

**Skrifgedeelte: Psalm 124-126
Fokusgedeelte: Psalm 126:5,6**

Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring

Hierdie is seker een van die treffendste beelde in die Bybel: 'n Saaier wat met 'n saaisak loop en saai en terwyl hy so loop en saai, huil hy! Saam met die saad wat op die aarde val, val sy trane ook! Gelukkig eindig die beeld nie hier nie. Nee, daar word 'n belofte aan gekoppel: "Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra".

Ons is elkeen geroep om saaiers van God se Woord te wees. Jesus het mos gesê: "Gaan na al die nasies toe..." Maar niemand het gesê dit gaan maklik wees nie; intendeel om die Woord te saai het ons baie geduld en volharding en geloof nodig en dit laat 'n mens soms huil-huil saai.

Hoekom het die saaiër in die Psalm nie maar die saaisak neergesit nie? Omdat hy vasgehou het aan die belofte van die oes. Hy het geweet sy trane sal as 't ware die saad natmaak, sodat dit kan groei en 'n goeie oes lewer. Hy het geweet: "Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring. Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra".

Wanneer u met trane saai, moenie moedeloos word en tou opgooi nie. Dink aan die gejuig wanneer Jesus sy oes gaan kom insamel!

Sing: Psalm 126:3

Ds HPM van Rhyn (Wilropark)